

Gepubliseer op:

Deur Christus Alleen

Tuisblad van dr. A.H. Bogaards

www.enigstetroos.org



Christus die groot God, Rotsvesting en Herder van Psalm 48

Enkele verklarende aantekeninge by Psalm 48 en 'n troupreek

**deur
Dr AH Bogaards**

Eerste uitgawe

Sola Uitgewers

September 2009

Kopiereg © AH Bogaards

Inhoudsopgawe

Voorwoord	3
1. Die verband waarin Psalm 48 staan	4
1.1 Die plek van Psalm 48 in die groot geheel van die Psalmboek	4
1.1.1 Die Boek van die Psalms 'n eenheid.....	4
1.1.2 Grafiese voorstelling van die indeling en eenheid van die Psalms	4
1.1.3 Psalm 1 en 2: inleiding op die Psalms	5
1.1.4 Psalm 146 tot 150: die slot op die Psalms.....	6
1.2 Psalm 46-47-48: 'n trilogie	6
1.3 Psalm 48 en 49: nog 'n eenheid	7
2. Christus is die groot God, die Rotsvesting en die Herder van Psalm 48	8
2.1. Christus is die groot God van Psalm 48.....	8
2.2. Christus is die Rotsvesting van Psalm 48	9
2.3. Christus is die Herder van Psalm 48	9
3. Indeling van Psalm 48 en kort notas	9
3.1 Vers 1-4: Groot is die HERE	10
3.2 Vers 5-9: Sy grootheid in die verlossingsgeskiedenis bewys	10
3.3 Vers 10-12: Sy grootheid in sy tempel geprys.....	10
3.4 Vers 13-15: Sy grootheid aan die nageslag verkondig	11
4. Kort notas by enkele verse en woorde	11
Vers 2	11
Vers 3	11
Vers 4	12
Vers 5	12
Vers 6	12
Vers 9	13
Vers 10	13
Vers 11	14
Vers 12	16
Vers 15	16
Preek gehou by 'n huweliksbevestiging	18

Voorwoord

Hierdie boek bevat 'n trouprek oor Psalm 48 en verklarende aantekeninge by die Psalm.

Die kommentaar is vir die huwelikspaar geskryf met die bedoeling om die Psalm nog beter te verstaan en te waardeer. Dié kommentaar is intussen nog meer uitgebrei.

Mag Christus alleen deur hierdie werkie ten hoogste verheerlik word. Hy is immers die Skrywer en inhoud, die Sanger en die sangstof van die Psalms. In die Psalms leer ons Hom ken.

AH Bogaards

17 September 2009

1. Die verband waarin Psalm 48 staan

Die verband waarin 'n hoofstuk en teksvers in die Bybel staan, is van die grootste belang vir die goeie verstaan en verklaring van daardie hoofstuk.

Dit geld ook van die Psalms. Die 150 Psalms is eintlik 150 hoofstukke en elkeen van daardie hoofstukke staan in 'n bepaalde verband.

Daarom wys ek julle op die verband waarin Psalm 48 staan:

- hoe dit saamhang met die hele Psalmboek (die inleidende Psalms, Psalm 1 en 2, en die slotpsalms, Psalm 146 tot 150) en
- die Psalms voor (Ps 46 - 47) en na (Ps 49) Psalm 48.

1.1 Die plek van Psalm 48 in die groot geheel van die Psalmboek

1.1.1 Die Boek van die Psalms 'n eenheid

Die boek van die Psalm is 'n heerlike *eenheid*.

Julle moet tog nooit dink dat die boek van die Psalms 'n hoop los sandkorrels (150 los korreltjies) is, wat nie aanmekaar sit nie.

Inteendeel, die 150 Psalms vorm 'n hegte eenheid. Dit is nie 'n sandhoop nie, maar 'n liggaam, 'n wonderlike gebou. Daar is deurlopende lyne en die Psalms hang ook onderling saam.

1.1.2 Grafiese voorstelling van die indeling en eenheid van die Psalms

Om die Boek van die Psalms in sy groot geheel en in sy eenheid te laat sien, wil ek begin deur 'n grafiese voorstelling van die indeling van die Psalmboek te gee:

Inleiding	Boek 1	Boek 2	Boek 3	Boek 4	Boek 5
Psalm 1-2	Psalm 3-41	Psalm 42-72	Psalm 73-89	Psalm 90-106	Psalm 107-150
Die temas (groot lyne) in die Psalmboek aangekondig	LOFPRYSING EN AMEN AAN DIE EINDE: Psalm 41:13	LOFPRYSING EN AMEN AAN DIE EINDE: Psalm 72:18-19	LOFPRYSING EN AMEN AAN DIE EINDE: Psalm 89:52	LOFPRYSING EN AMEN AAN DIE EINDE: Psalm 106:48	LOFPRYSING AAN DIE EINDE (AMEN ONTBREEK): Psalm 146-150

1.1.3 Psalm 1 en 2: inleiding op die Psalms

Psalm 1 en 2 vorm die *inleiding* op die mooi boek van die Psalms.

In hierdie twee inleidende Psalms word *die temas, die groot lyne van die hele Psalmboek, aangekondig*.

Ek noem net ’n paar voorbeelde in aansluiting by Psalm 48.

1. In Psalm 2:1-3 hoor ons van konings wat saamspan en saamsweer teen die HERE en sy Gesalfde, die Koning van Sion. In Psalm 48:5 hoor ons van konings wat saamkom en optrek teen Sion, die stad van die groot Koning.
2. In Psalm 2:6 sê die HERE: “Ek tog het my **Koning** gesalf oor **Sion**, my heilige berg.” Sowel die Koning as Sion kom in Psalm 48 ter sprake.
3. Psalm 2:12 eindig met die woorde: “Welgeluksalig is almal wat by Hom (= by die gesalfde Koning van Psalm 2, by Christus) **skuil!**” Dit wil sê: geseënd is almal wat Hom as skuilplek, as **rotsvesting** (vgl Psalm 48:4) het.*

* Een van die *kenmerke* van *die Hebreuse digkuns* is die gebruik van *beelde*. Die beeld dat die HERE ’n skuilplek is vir sy volk, is in die Psalms ’n besonder belangrike (deurlopende) beeld. In Psalm 2:12 word die werkwoord **skuil** gebruik. Die werkwoord **skuil** word vyf-en-twintig keer in die Psalms gebruik en die selfstandige naamwoord **skuilplek/toevlug** twintig keer.

Buiten die woorde **skuil** en **skuilplek** is daar nog ander woorde wat binne dieselfde betekenisveld val (verwante woorde) soos **rots** en **rotsvesting** (Psalm 48:4; vgl ook 46:8,12).

Opvallend – en baie belangrik om raak te sien – is dat dit woorde is wat *nét van die HERE – van God* - gebruik word. En in Psalm 2:12 word dit van die Seun, die Gesalfde Koning van Psalm 2, gebruik. Dit leer ons dat Psalm 2 uitsluitlik Messiaans is (oor Christus gaan en nie oor Dawid nie), want net die groot Seun van Dawid is God en geen ander nasaat van Dawid nie.

1.1.4 Psalm 146 tot 150: die slot op die Psalms

Nie net die inleiding (Psalm 1 en 2) is belangrik vir die verstaan van die groot lyn van die Psalms nie, maar ook die slot.

Psalm 146 tot 150 vorm die *slot* van die Psalmboek.

Die slot, Psalm 146-150, is *een groot halleluja*. Al 5 hierdie Psalms begin met halleluja en dit eindig met halleluja. Halleluja beteken: *loof die HERE*.

Die Psalmboek loop dus uit op een groot loof-die-HERE.

Hierdie indrukwekkende slot, Psalm 146-150, leer ons *waaroor dit in die hele Psalmboek* – en dus ook in Psalm 48 – ten diepste *gaan*: om die HERE te loof en te prys.

Let verder daarop dat *elkeen van die vyf dele* (1-41; 42-72; 73-89; 90-106; 107-150) van die Psalmboek *eindig met 'n lofprysing* (sien die grafiese voorstelling). Die enigste verskil is dat die vyfde deel (107-150) nie net met net een slotvers eindig nie, maar met 'n slot van vyf hele Psalms.

Die Hebreeuse naam vir die boek van die Psalms het die veelseggende naam *Tehillim*, wat *lofprysing* beteken. Dit vat die boek van die Psalms saam.

1.2 Psalm 46-47-48: 'n trilogie

Hierdie drie Psalms vorm 'n trilogie, dit wil sê 'n drie-eenheid.

Hierdie drie het een groot *tema*: *Christus is die Koning van die hele aarde en die rotsvesting (skuilplek), die beskermmer en verlosser van sy kerk*.

Verskillende gedagtes en woorde kom *in aldrie* of *in ten minste twee* van die drievoor.

1.2.1 Die woord **aarde** kom tien keer en in aldrie voor.

Vergelyk: Psalm 46:3,7,9,10,11; Psalm 47:3,8,10; Psalm 48:3,11.

Die uitdrukking **hele aarde** word in drie verse gebruik (47:3 en 8 en 48:3).

God se *heerskappy* strek oor die hele aarde.

1.2.2 Vergelyk verder Psalm 46 met Psalm 48 (God bewys Hom as beskermmer, as rotsvesting; Hy hou Sion staande):

- **Ps 46:2:** God is vir ons ‘n toevlug en sterkte; as hulp in benoudhede is Hy in hoë mate **beproof/bekend** (= Hy het Hom laat vind of bewys as hulp). Vergelyk daarmee **Psalm 48:4,5:** “God het Hom in sy paleise **bekendgemaak** as ‘n rotsvesting. Want ...” En dan volg die bewys in die oorwinning van die HERE oor die konings wat teen Sion opgetrek het.
- **Ps 46:6:** God is daar binne-in, dit sal nie wankel nie; God sal dit help as die dag aanbreek. Vergelyk **Psalm 48:9:** God sal dit bevestig (staande hou) tot in ewigheid. **Psalm 48:13-14:** Tel die torings, dit wil sê: kyk maar, dis ongedeerd, dit het nie gewankel nie.
- **Ps 46:8, 12:** Die HERE ‘n **rotsvesting**. Vergelyk **Psalm 48:4**, ook die woord **rotsvesting**.

1.2.3 ‘n Groot Koning

Psalm 48:2 begin met die woord groot: **Groot** is die HERE. Aan die einde van vers 3 word weer die woord groot (‘n ander woord as die in vers 2, maar wel sinoniem) gebruik: (Sion is) die stad van die **groot Koning**.

In Psalm 47:3 word van die HERE gesê dat Hy “‘n **groot Koning** oor die hele aarde” is.

Die woord **Koning** word driemaal gebruik: Psalm 47:3 (‘n groot Koning oor die hele aarde) en 8 (Koning van die hele aarde) en Psalm 48:3 (die stad van die groot Koning). In Psalm 47:9 word die werkwoord (heers as Koning) gebruik.

Sion is die stad van die groot Koning en die heerskappy van hierdie Koning gaan oor die hele aarde.

1.3 Psalm 48 en 49: nog ‘n eenheid

In **Psalm 48:15** lees ons: Die HERE sal ons lei tot die dood toe. Letterlik staan daar: lei **lei soos ‘n herder bo-oor die dood heen**. Ons kry die beeld van ‘n herder en hierdie herder lei ons nie net tot die dag van ons sterwe nie, maar bo-oor die dood heen.

By hierdie slotwoorde van Psalm 48 sluit Psalm 49 aan:

- In **Psalm 49:15** word van *die goddelose* gesê:

“Soos skape word hulle bestem vir die doderyk; die dood is hulle herder”.

Ook hier in Psalm 49 – net soos in Psalm 48 - kry ons dus die beeld van ’n herder. Terwyl Psalm 48:15 egter sê dat onse God ons herder is, sê Psalm 49: die dood is die herder van die goddelose.

- Kyk nou wat **Psalm 49:16** daarenteen van *die gelowige* sê:

“Maar God sal my siel loskoop van die mag van die doderyk, want Hy sal my opneem.”

Dit is Psalm 48:15 (Hy sal ons lei bo-oor die dood heen) in ’n net ’n bietjie ander bewoording.

Psalm 49:16 bevestig ook die vertaling van Psalm 48:15 dat die HERE ons sal lei nie alleen **tot** die dood nie, maar **bo-oor** en dwarsdeur die dood heen: Hy sal my opneem.

Vergelyk ook Psalm 73 waarin (netsoos in Psalm 49) die uiteinde van die goddelose in skerp kontras tot die van die gelowige gestel word: “U sal my lei deur u raad en my daarna in heerlijkheid opneem” (v 24) – ook weer die “opneem” en dan nog nader verklaar met die “in heerlijkheid” opneem.

2. Christus is die groot God, die Rotsvesting en die Herder van Psalm 48

2.1. Christus is die groot God van Psalm 48

In Titus 2:13 word Christus uitdruklik ons groot God en Verlosser genoem. Dit is ’n teruggryping na Psalm 48:2.

2.2. Christus is die Rotsvesting van Psalm 48

Die rots-rotsvesting-beeld kom talle kere voor in die Psalms. Dit sluit aan by die skuiltema van Psalm 2:12 (Welgeluksalig is almal wat by Hom skuil).

In Matteus 16:18 sê Christus dat Hy (Christus, die Seun van die lewende God) die *rots* is waarop Hy sy gemeente sal bou. Dit is tog iets heel, heel besonders dat Psalm 2 so 'n uitermate belangrike rol speel in Matteus 16. Die belydenis van Petrus dat Jesus die Christus is, die Seun van die lewende God, is 'n direkte teruggryping na Psalm 2: Gesalfde/Christus (Ps 2:2) en Seun van die lewende God (Ps 2:7). Christus is die rots, die skuilplek van die Psalms en van Psalm 2:12. By hierdie rots is die kerk so veilig as wat maar kan kom en daarom sal die poorte van die doderyk haar nie oorweldig nie.

2.3. Christus is die Herder van Psalm 48

Christus is die **Herder** van Psalm 48 (v15 – Hy sal ons lei soos 'n herder ...).

Die *herder-beeld* kry ons dikwels in die Psalms. Psalm 23 (Die HERE is my herder) is seker die bekendste voorbeeld. Vergelyk verder: Psalm 28:9 (Verlos u volk en seën u erfdeel, en wees vir hulle 'n herder en dra hulle tot in ewigheid) en 80:2 (o Herder van Israel, hoor tog; U wat Josef soos skape lei, wat bo-oor die gérubs troon, verskyn in ligglans!)

In Johannes 10:11 verklaar Jesus: “Ek is die goeie herder. Die goeie herder lê sy lewe af vir die skape.”

3. Indeling van Psalm 48 en kort notas

Ons kan die Psalm in vier dele indeel: vers 1-4, 5-9, 10-12 en 13-15.

Grafiiese voorstelling:

Onderafdelings	Inhoud
Vers 1-4	Groot is die HERE
Vers 5-9	Sy grootheid in die verlossingsgeskiedenis bewys
Vers 10-12	Sy grootheid in sy tempel geprys
Vers 13-15	Sy grootheid aan die nageslag verkondig

3.1 Vers 1-4: Groot is die HERE

Vers 1-4. **Groot** is die HERE. Die HERE geopenbaar sy grootheid in Sion (die kerk): Sy grootheid word gesien daarin dat Hy Homself bewys as **rotsvesting**, as fort vir sy kerk.

3.2 Vers 5-9: Sy grootheid in die verlossingsgeskiedenis bewys

Vers 5-9. Begin met “**want**”. (Hy het hom bekend gemaak as rotsvesting, sê vers 4. En dan volg vers 5 met “want”, met die rede of bewys). *’n Stuk geskiedenis* word hier gegee, wat *laat sien/bewys/openbaar*: inderdaad, die HERE is groot, Hy is ’n rotsvesting vir sy kerk, soos wat vers 1 tot 4 jubel. Die stukkie geskiedenis van vers 5 tot 9 eindig dan ook met die woorde (*gevolgtrekking*) van vers 9: “Soos ons gehoor het, so het ons gesien in die stad van die HERE van die leërskaer, in die stad van onse God: God sal dit bevestig tot in ewigheid.” In die geskiedenis van vers 5 tot 8 het hulle self gesien wat vers 1 tot 4 sê: die HERE is groot (v 2), ’n rotsvesting vir sy kerk (v 4). Kyk hoe sluit vers 9 by vers 4 aan: die HERE ’n rotsvesting/beskerming (v 4) en inderdaad, Hy sal Sion bevestig (dit wil sê: staande hou) tot in ewigheid (v 9).

3.3 Vers 10-12: Sy grootheid in sy tempel geprys

Vers 10-12. Nou gaan die volk **tempel toe** (kerk toe) om God te loof vir sy grootheid, waarvan hulle **gehoor** het (uit die geskiedenis van hulle voorvaders) en wat hulle nou self ook **gesien** het in die geskiedenis van vers 5 tot 8.

3.4 Vers 13-15: Sy grootheid aan die nageslag verkondig

Vers 13-15. Hier is ook weer sprake van ’n **sien**: Gaan rondom die stad en sien en kyk vir julle self: al die torings en dinge staan nog onaangeraak (vv 13-14a). Daarby moet dit aan die volgende geslag (hulle kinders) vertel word (v 14b). ***Dit gaan om ‘n sien om oor te vertel!*** Wat ons “sien” in die Evangelie, moet oorgedra word aan ons kinders.

In vers 15 gaan dit oor ***die inhoud van wat oorvertel moet word***: “**dat** hierdie God (wat so groot is, so ’n rots) onse God is, vir ewig en altyd; Hy sal ons as Herder lei tot die dood toe.”

4. Kort notas by enkele verse en woorde

Vers 2

Groot is die HERE. So staan dit letterlik in die Hebreeus, presies in hierdie volgorde. Die woord **groot** is ***die eerste woord*** in vers 2. Dit beteken: **groot** kry die nadruk.

Kyk hoe sluit hierdie **groot is die HERE en baie lofwaardig** weer aan by die laaste verse van Psalm 47: “Hoog verhewe is Hy!” (47:10)

Psalm 48 **begin** hier in vers 2 met God en **eindig** in vers 15 met God. In die Hebreeuse digkuns staan dit bekend as ’n ***inclusio*** (inclusion: insluiting, omraming). ’n Inclusio of omraming laat sien wat die **hoofsaak** in die Psalm is. Hier in Psalm 48 sê die inclusio vir ons: Psalm 48 gaan oor die grootheid van God (vers 2) en dat hierdie groot God **ónse** God, die God van die kerk, is (vers 15).

Vers 3

Vers 3 eindig die woorde “**die groot Koning**”. Weer kry ons die woord **groot**. In die Hebreeus word hier wel ’n ander woord as in vers 2 vir groot gebruik, maar dit is ’n sinonieme (verwante) woord.

Die stad van die groot Koning. In Matteus 5:35 verwys Jesus na Psalm 48:3, wanneer Hy sê dat Jerusalem die stad van die groot Koning is.

Die hele vers 3 loop eintlik uit op '*n onthullende klimaks* in die woorde **die stad van die groot Koning**. Kyk na die 4 versdele van vers 3: hoe dit opbou en uitloop op die hoogtepunt in die vierde reël:

**Skoon deur sy verhewenheid,
die vreugde van die hele aarde,
die berg Sion, aan die noordekant,
die stad van die groot Koning!**

Dat Sion **die stad van die groot Koning** is – *daarin* lê haar *skoonheid*, juis *dít* maak haar **die vreugde van die hele aarde**. Haar Koning maak haar wat sy is! Die kerk (die mense in die kerk, die Sion van die Nuwe Testament) is op sigself niks nie (op sigself lelik, vol sonde), maar die Here Jesus Christus, sy werk en sy verlossing, maak die kerk so heerlik mooi.

Vers 4

Rotsvesting. Die woord word dertien keer in die Psalms (9:10; 18:3; 46:8,12; 48:4; 59:10,17; 62:3,7; 94:22; 44:2) gebruik en net soos skuil en skuilplek word dit nét van God gebruik.

Bekendgemaak. Geopenbaar. In vers 5 tot 8 kry ons hierdie openbaring, die bekendmaak as rotsvesting vir sy kerk.

Vers 5

Want. Dit sluit aan by vers 4 dat God Hom bekend gemaak het as rotsvesting. In die geskiedenis wat in vers 5-8 volg, het ons die bekendmaking.

Kyk. Die woord **kyk** word dikwels in die Hebreeus gebruik om die aandag op iets belangriks te vestig. Kyk, dit wil sê: gee aandag!

Vers 6

“Skaars het hulle dit **gesien** ...”.

Die vyande **sien** ook iets. **Sien** is '*n sleutelwoord* in hierdie Psalm (vgl die gelowiges se **sien** in vers 9 en ook in vers 13-14).

Daar is '*n verskil in die sien* van die VYANDE en **sien** die GELOWIGES:

- Die **VYAND sien** die **HERE** se **OORDEEL (SY STRAFFENDE REGTERHAND, SY STRAFFENDE GERECHTIGHEID)** – vgl v 11:U regterhand is vol gerechtigheid)
- Die **GELOWIGES sien** die **HERE** se **VERLOSSING (SY VERLOSSENDE REGTERHAND, SY VERLOSSENDE GERECHTIGHEID)** – vgl v 11:U regterhand is vol gerechtigheid)

Ons kry 'n wonderlike opeenstapeling van werkwoorde om die vyand se skrik te teken: Skaar het hulle dit **gesien**, of hulle het **verstom, verskrik** geword, in ang **weggevlug**. Dit is 'n treffende stukkie Hebreeuse digkuns.

Vers 9

Hoor en sien.

- **Hoor.** Hulle het dit **gehoor** in hulle Bybel (die Ou Testament): Hulle het gehoor van die verlossing uit Egipte en nog baie ander voorbeelde. Hulle het sekerlik daarvan gehoor toe hulle ouers dit by huisgodsdiens vir hulle vertel het en hulle het dit gehoor in die onderrig in die tempel.
- **Sien.** Nou het hulle die verlossing self **gesien**: die verlossing wat beskryf word in vers 5 tot 8.

God sal dit **bevestig** (staande hou). **God** met nadruk voorop. Dit gaan in hierdie Psalm oor God en wat Hy doen.

Vers 10

Ons dink aan u **goedertierenheid**. Ons kan goedertierenheid eenvoudiger vertaal met: die **HERE** se verbondstrou, sy verbondslojaliteit, sy liefde en lojaliteit teenoor die met wie Hy sy verbond opgerig het.

Daaraan **dink** ons in sy tempel (in sy kerk).

Dink. Die woord **dink** wat hier gebruik word, hou verband met die woord **beeld**. Dit gaan nie maar net om dink aan iets nie, maar om die beeld van wat oordink word voor die gees roep. Die beeld is nie in-beeld-ing of ver-beeld-ing (onwerklik, droom) nie, maar 'n **af-**

beeld-ing, die beeld van die HERE se goedertierenheid, wat hulle **werklik gesien** het in die verlossingsgeskiedenis van vers 5 tot 8. Die beeld is 'n werklikheid.

Chistus is die beeld van die onsienlike God (Kol 1:15).

Ons het **die hoogste en grootste bewys van God se goedertierenheid/liefde/lojaliteit** in die stuur van sy Seun: “Want **so lief** het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het” (Joh 3:16). **So lief/goedertieren**, dit wil sê: so lojaal, so getrou. Dit is die beeld waaraan ons dink.

Johannes (1:14) skryf: Ons het Christus se heerlikheid aanskou (weer die sien van Psalm 48!) vol (weer die vol! – sien Psalm48:11) van genade (goedertierenheid) en waarheid.

Vers 11

U regterhand is vol geregtigheid.

Regterhand. Ons lees baie kere in die Psalms van die hand of **regterhand** van die HERE (Psalm 17:7; 18:35; 20:6; 21:8; 44:3; 45:4; 60:5; 63:8; 74:11; 77:10; 78:54; 80:15; 89:13,25; 98:1; 108:6; 118:15f; 138:7; 139:10).

Geregtigheid. Verbondstrou, die HERE is getrou aan sy Woord, hou Hom aan sy Woord.

Die **geregtigheid** van die HERE het twee kante: ons onderskei tussen sy **straffende geregtigheid** en sy **verlossende geregtigheid**. God se Woord het – om dit so te stel – twee sye: sy Woorde van straf en sy Woorde van belofte of verlossing.

- In sy Woord belof Hy om sy volk se vyande te straf. Dan praat ons van sy **straffende geregtigheid**, sy trou aan sy Woord van strafdreiging.
- In sy Woord belof Hy dat Hy sy volk sal verlos. Dan praat ons van sy **verlossende geregtigheid**, sy trou aan sy Woord van verlossing.

As 'n mens dit weet, verstaan 'n mens uitdrukkings soos **bevry my deur u geregtigheid** (Ps 31:1) en **red my deur u geregtigheid** (Ps 71:2) ook beter.

Die evangelie is 'n krag van God tot redding van elkeen wat glo, want die geregtigheid van God word daarin geopenbaar (Rom 1:16,17). In die evangelie word God se reddende geregtigheid geopenbaar. Deur die evangelie gryp God reddend in in die lewe van almal wat deur die evangelie gegryp word.

Vol. Die **vol** beteken: een en al, uitsluitlik. Dat die regterhand vol geregtigheid is, wil sê: Die regterhand doen **nét geregtigheid**, dit doen **nét** wat in die Bybel beloof en gesê word.

U (die HERE se) regterhand. Die *gelowiges skuil* (weer die skuil!) by sy **regterhand** vir teëstanders (Ps 17:7). Daarenteen: U hand sal al u *vyande* vind; u **regterhand** sal u haters vind (Ps 21:8).

Kyk in verband met God se **regterhand** ook na Psalm 98 (vv 1-3) en let op hoe dit ook in verband met sy **geregtigheid** en **goedertierenheid** en **sien** gebruik word: “n Psalm. Sing tot eer van die HERE 'n nuwe lied, want Hy het wonders gedoen; sy **regterhand** en sy heilige arm het Hom gehelp. Die HERE het sy heil bekend gemaak, sy **geregtigheid voor die oë van die nasies** geopenbaar. Hy het gedink aan sy **goedertierenheid** en sy trou aan die huis van Israel; al die eindes van die aarde het die heil van onse God **gesien**.

Soms word daar gepraat van die regterhand van God en soms van sy **arm** (sien Ps 98:1). Dit is veelseggend dat die lydende Knecht (*Christus*) in Jesaja 53 die arm van God genoem word (v 1). **Hy** is die **regterhand** van God.

Soveel Psalms sing van **die HERE se geregtigheid** en *Totius* het dit so diep en ryk berym:

98:1

*Sing nuwe lof aan God die HERE,
die God wat wonders het gedaan;
sy **regterhand**, vol sterkte=en ere,
sy heil'ge arm bring redding aan.
Hy het sy heil en alvermoë
die volkere alom gemeld;
geregtigheid blink voor hul oë
soos sonnestrale=oor berg en veld.*

118:7

*Dit is die HEER wat my gesterk het.
Hy is my lied, my psalmgesang;
Hy was dit wat my heil bewerk het,*

*dus loof ek Hom my lewe lang.
 Ek hoor alom die blye galme
 van vromes ná die lydensnag;
 hul tent weerklink van dankb're psalme:
 Gods **regterhand** doen grote krag.*

In die volgende vers sien ons **die geregtigheid van die regterhand** na sy twee kante, naamlik STRAF en VERLOSSING:

118:8

*Gods **regterhand** is hoog verhewe,
 sy **regterhand** is groot van daad;
 dit laat van skrik **DIE WÊRELD** bewe,STRAF
 maar hef **SY VOLK** uit lyde=en smaad.....VERLOS*

Vers 12

Bly, juig.

- Die HERE se grootheid maak bly, laat juig.
- Wie die grootheid van die HERE in die Evangelie van die kruis “sien” moet juig en bly wees.
- Juig en bly wees oor God se werke is ’n kenmerk van die evangelie. Evangelie beteken ook letterlik **Blye** Boodskap! Dit bring die grootste blydschap en dit maak bly.

Vers 15

Ons. Ons word deur die Heilige Gees geleer en oortuig om te sê: **óns**, hierdie God is **óns** God. Uit ons eie kom ons nie so ver om te sê **óns** nie. Hierdie **ons** is geloofstaal.

Sion (die gelowiges, die kerk) is die stad van onse God (vers 2). Hier in vers 15 kry ons weer die ons: **onse God!** En daarmee eindig die Psalm in vers 15: met die ons, **onse God.**

Hý. Tereg staan dit in die 1953-vertaling met ’n aksent. Die **Hý** word in die Hebreeus benadruk. **Hý**, dit wil sê hierdie God, wat onse God is, hierdie God wat so groot, so ‘n rotsvesting is, **Hý** sal ons lei tot die dood toe en deur die dood heen.

Hý sal ons lei tot die dood toe/bo-oor die dood heen. Daar is nie ’n beter kommentaar op hierdie woorde as Romeine 8:38-39 nie: “Want ek is *versekerd* dat geen **dood** of lewe of engele of owerhede of magte of teenwoordige of toekomstige dinge of hoogte of diepte of enige ander skepsel ons sal *kan skei van die liefde van God wat daar in Christus Jesus, onse Here, is nie*. Die Skrif (Romeine 8:38-39) is die volmaakte Kommentaar op die Skrif (Psalm 48:15). Die groot Skrifverklaringsreël is: die Heilige Skrif is sy eie uitlegger. Niemand kan die Skrif beter verklaar as die Skrywer (Christus deur sy Gees) self nie.

Preek gehou by 'n huweliksbevestiging

Skrifgedeelte: Psalm 48

**Teksverse: “Groot is die HERE” (v 2), “U regterhand is vol geregtigheid” (v 11b);
“Hierdie God is onse God vir ewig en altyd; Hý sal ons lei tot die dood toe.” (v 15)**

Tema: Christus die groot God, die sterk rotsvesting, die herder

Psalms: Psalm 48:1, 4, 5; Psalm 134:4

1. Inleiding

..... Wat 'n mooi, toepaslike Psalm is dit nie vir hierdie groot, feestelike geleentheid nie! Want hierdie Psalm openbaar aan ons die geheim hoé julle huwelik mooi kan wees en hoé dit altyd mooi kan bly: *Christus is die geheim*, Christus in julle, Christus in julle huwelik. Christus *maak* dit mooi en *hou* dit so heerlik mooi. *Hý* doen dit en *Hý alleen*.

Christus is die groot God, die sterk rotsvesting, die herder, waarvan hierdie psalm sing.

2. Inhoud

Psalm 48 sing van Sion, van Jerusalem. En *Sion-Jerusalem* is *beeld van die kerk*. En as julle my vra wat is die kerk, dan antwoord ek: Die kerk is *mense*, daardie mense wat in die HERE glo. Die kerk bestaan uit mense: uit bejaardes, middeljariges en kinders, uit enkellopendes en weduwees – *en ook uit pasgetroude paartjies*. So lyk die kerk. Julle is die kerk.

En van hierdie *kerk* – en dus ook van julle twee, ook van hierdie huwelik van vandag -, daarvan sê Psalm 48: *Dit is so ontsaglik mooi*. Dit is *skoon deur sy verheuenheid* (v 3).

Psalm 48 jubel dus oor die kerk. MAAR nie Sion nie, *nié die kerk staan* in hierdie Psalm *in die middelpunt* nie. Hierdie Psalm gaan veral oor **die HERE**. Omdat *Hý* in Sion is – *daarom* is Sion so mooi. Omdat *Hý* in sy kerk is – *daarom* is die kerk veilig, *daarom* sal julle huwelik mooi wees en bly.

Die Psalm *begin met God* en dit *eindig met God*:

- Dit begin met die woorde: “Groot is die HERE” (v 2).
- En dit eindig met die HERE: “Hierdie God is onse God” (v 15).

➔ In die Hebreuse digkuns staan dit bekend as ‘*n omraming*. Met hierdie omraming wil die digter vir ons sê waaroor dit in hierdie Psalm gaan: dit sing van die HERE. Die kerk omraam deur en ingesluit in die arms van ons groot God en Verlosser – so kan ons die Psalm ook saamvat.

Die heel eerste woord (in die Hebreus) in Psalm 48 is die woord *groot*. Dit staan met nadruk voorop. “*Groot* is die HERE”. Die Psalm wil aan ons *die grootheid van die HERE* laat sien.

En nou *maak* die HERE *sy grootheid juis bekend in Sion*, in sy kerk. Hy maak sy grootheid bekend daarin dat Hy sy kerk beskerm, dat Hy ‘*n rotsvesting*, ‘*n fort* is vir haar (v 4).

Die HERE is ‘*n rotsvesting*. Dit het Psalmdigter en sy tydgenote self *gesien*. In DIE TWEEDE DEEL van die Psalm, in vers 5 tot 9, vertel die digter wat hulle met hulle eie oë gesien het: Gedugte heidense konings het teen die kerk saamgespan, maar die HERE het hulle mag verbreek. Soos die HERE eenmaal in die geskiedenis deur ‘*n oostewind* die magtige skepe van Tarsis verbreek het, so het Hy die gedugte leërmagte wat teen Sion opgeruk het, vernietig.

In vers 9 juig die volk oor hierdie verlossing en sê: “Soos ons *gehoor* het, so het ons *gesien* in die stad van die HERE van die leërskaer, in die stad van onse God: God sal dit staande hou (bevestig) tot in ewigheid.” (v 9) Hulle het *gehoor* en sélf ook gesien:

- **IN HULLE BYBELS** (en by hulle voorouers) het hulle *gehoor* van God se verlossingsdade in die geskiedenis van sy volk;
- in die redding wat hulle **TANS** ervaar het, het hulle dit self ook *gesien*: ja, inderdaad, die HERE is ‘*n bewaarder*, ‘*n rotvesting* is vir sy kerk.

En weet julle: Nou word hierdie woorde *hoor* en *sien* (sleutelwoorde in hierdie Psalm) juis op die verlossingswerk van Christus toegepas. Want in sy eerste brief skryf Johannes

(1:1-3) naamlik: Wat ons *gehoor* en *gesien* het verkondig ons aan julle: die verlossing in Christus.

Nêrens anders word die grootheid van die HERE heerliker gesien as in Christus nie. In die evangelie van die kruis sien ons God se grootheid. Want net soos in Psalm 48 word die kerk van die Nuwe Testament - en dus ook die huwelikspartjies in die kerk - bedreig: die duiwel en sy magte wil die kerk vernietig; hy wil julle huwelik verniel. Maar dit moet julle onthou: God het sy Seun gestuur; Christus het die magte van die duiwel aan die kruis verslaan. Hy is die rots, die rotsvesting van Psalm 48. In Matteus 16 vers 18 sê Jesus dit self: Hy is die rots waarop Hy sy gemeente bou en juis daarom sal die poorte van die doderyk dit nie oorweldig nie. En in Titus 2:13 word Christus uitdruklik genoem: **ons groot God** en Verlosser. Dit is 'n teruggryping na Psalm 48 vers 2: "Groot is die HERE".

In DIE DERDE DEEL van Psalm 48, in vers 10 tot 12, kom die kerkvolk in die tempel saam om die HERE te prys vir die groot verlossing: "o God, ons dink aan u goedertierenheid (aan u verbondslojaliteit, u verbondsliefde) binne-in u tempel".

Daar in die huis van die HERE jubel hulle ook die woorde van vers 11 uit: "***U regterhand is vol geregtigheid.***" Ons kan daardie woord ***geregtigheid*** vertaal met verbondstrou. In sy Woord het die HERE beloof: Hy sál die vyande van sy volk oordeel en Hy sál sy volk te verlos. En nou beteken hierdie geregtigheid: Die HERE hou Hom by daardie belofte van Hom.

Met sy regterhand straf Hy, met sy regterhand verlos Hy. Daardie hand doen niks anders as wat in die Bybel beloof word nie. Dít is wat bedoel word daarmee: sy regterhand is ***vol geregtigheid***. Op daardie hand kan julle altyd staatmaak: dis vol geregtigheid, dis een en al geregtigheid, dis pure verbondstrou.

Van God se straffende én verlossende regterhand sing die Psalms op verskillende plekke. Dink maar aan Psalm 118:8:

Gods regterhand is hoog verhewe,

sy regterhand is groot van daad;

dit laat van skrik die wêreld bewe,

maar hef sy volk uit lyde=en smaad.

En wil julle nou die regterhand van God *sien*? *Dit is Christus! Hý* is die regterhand van God, wat ons verlos. Daar AAN DIE KRUIS *sien* ons die hand. En IN DIE BYBEL *sien* ons: God wat in Christus sy regterhand vol geregtigheid, sy regterhand vol liefde, vol verlossing na julle twee toe uitsteek, na julle huwelik. Daardie regterhand omraam en omarm julle en omring julle huwelik met sy grootheid.

In vers 13 tot 14 (die begin van DIE VIERDE DEEL van die Psalm) word die volk opgeroep om rondom Sion te trek: hulle moet die torings tel en na die verdedigingskansse kyk. Die bedoeling daarvan is: Kyk, die vyand kon niks regkry nie; Jerusalem is ongedeerd en steeds ewe mooi. En - dit is *net die HERE se werk*.

En dan word die volk in vers 15 beveel om vir die volgende geslag te vertel: “Hierdie God is onse God vir ewig en altyd; Hý sal ons lei tot die dood toe.”

Hierdie God wat só groot is – Hy is *ónse* God, sê die Psalmdigter. Hy is onse God vir altyd.

Vers 15 val in twee parallelle deel uiteen:

- In die **eerste deel** sê hy: *Hierdie God is onse God, vir ewig en altyd*.
- In die **tweede deel** brei die digter op die *vir ewig* uit met ‘n beeld: Hy sal ons *lei soos ‘n herder*. Hy sal ons lei soos ‘n herder tot die dood toe. En eintlik staan daar letterlik: bo-oor die dood heen. Wonderlik hoe dit met nadruk (met ‘n aksent) daar staan: *Hý!* Hý, hierdie groot God, Hý sal ons lei dwarsdeur hierdie lewe en dwarsdeur die doods-Jordaan heen tot in sy ewige arms. Hierdie almagtige regterhand van God, Christus, sal julle huwelik bewaar.

Altyd sal die reddende regterhand van die goeie Herder daar wees. Daarvan sing Paulus ook in die oorwinningslied van Romeine 8: “Want ek is versekerd dat geen dood ... of enige ander skepsel ons sal kan skei van die liefde van God wat daar in Christus Jesus, onse Here, is nie.” (vv 38-39).

Van hierdie Herder en sy werk, waarvan julle **hoor** in die Bybel en wat julle **sien** in die evangelie, moet julle ook eenmaal julle kinders vertel.

3. Slot

Met hierdie groot God van Psalm 48 – dit wil sê met ons groot God en Verlosser Christus Jesus onse Here (Titus 2:13) -, met Hom gaan julle julle huwelik in. Hy belowe julle: **Hý** sál as **Herder** altyd daar wees: in voorspoed en in teenspoed. En as **Hý** daar is, sal julle huwelik *mooi wees* en *mooi bly* met watter aanslae die Satan ook al mag kom. WANT **Hý** is julle **rotsvesting**.

AMEN